Sing vooraf staande: Psalm 62:4, 5 (p. 302)

4 Maar jy, my siel, swyg stil voor God, / beskikker van jou lewe en lot, / wat nooit sy woord ontrou sal wees nie.
God is my rots, 'n skans vir my, / Hy sal my voetstap veilig lei, / ek hoef geen wankeling te vrees nie.

5 In God is al my heil, my eer, / my sterke rots en teëweer. / God is my toevlug in die lewe.
Vertrou op Hom, o volk, in smart / stort voor Hom uit jul hele hart, / God is 'n skuilplek, hoog verhewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 111:1, 2 (p. 553)

1 'k Sal met my ganse hart die HEER / met die opregtes loof en eer – die Gode dankb're duisendtalle.
Sy werk is groot die wêreld deur, / dit word deur almal nagespeur / wat daarin soek 'n welgevalle.

2 Sy dade͡is enkel majesteit, / aanbiddelike heerlikheid, / en sy geregtigheid onendig.
Sy wonders staan in rots gegrif, / en sy genade͡in eewge skrif / vir al wie arm is en ellendig.

Psalm 19:1, 4 (p. 82)

1 Die hoë hemelrond / vertel met blye mond / Gods heerlikheid en eer,
en, wonderbaar deurglans, / vermeld die wye trans / die werke van die HEER.
Die dag roep orals luid / en duisendstemmig uit / dié loffelike sprake;
die nag se stille stap / meld kunde͡en wetenskap / deur al sy donker wake.

4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.

Skriflesing: Romeine 9:30-10:21; Heidelbergse Kategismus, Sondag 25:65

Kernvers: Romeine 10:17

Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus. (Romeine 10:17 AFR1983)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 65: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?

Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte (a) deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente (b).
(a) Ef 2:8; 6:23; Joh 3:5; Filp 1:29. (b) Matt 28:19; 1 Pet 1:22-23.

Tema: God se manier om die saligmakende geloof aan ons te gee

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons bely twee maal in ons Kategismus hoe noodsaaklik geloof is. Ons bely dit die eerste maal in Sondag 7 voordat ons begin sê wat ons presies met elkeen van die artikels van ons Apostoliese Geloofsbelydenis bedoel. Daar bely ons: Al die mense oor die wêreld heen word nie weer deur Christus salig soos wat hulle in Adam verlore gegaan het nie. Slegs die mense wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf word en al sy weldade aanneem,

word gered. Die mens wat nie in Christus glo nie, sal nie eendag voor die Vader kan verskyn nie, en sal nie die ewige lewe ontvang nie.

Wanneer ons by Sondag 23 uitkom, aan die einde van ons belydenis oor die Apostoliese Geloofsbelydenis, kom ons weer terug by die noodsaaklikheid van geloof. Ons is voor God regverdig slegs deur ’n ware geloof in Jesus Christus. Dit is dus vir ons duidelik dat ons in Christus moet glo om gered te word. Daar is geen ander manier om gered te word nie. Daarom kan ons saam met Paulus en Silas vir elkeen wat vir ons vra: “Wat moet ek doen om gered te word?”, net een antwoord gee: Glo in Jesus Christus en jy sal gered word.

Aangesien geloof dan so belangrik is, aangesien ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kan kry, is dit vir ons belangrik om te weet waar so ’n geloof vandaan kom. In Sondag 7 het ons al die wenk gekry waar so geloof vandaan kom, maar dit is eers hier in Sondag 25 dat dit so op die man af vir ons gevra word. Om antwoord op hierdie vraag te kry, lei die Heilige Gees ons terug na Romeine 10.

Broers, susters en kinders, in Romeine 9 tot 11 word die probleem van die Jode se ongeloof aangespreek. Die ongelowigheid van die Jode was vir Paulus iets waaroor hy baie besorgd was, want hulle is sy eie volksgenote. In hoofstuk 9 begin hy om te sê hoe hartseer hy oor sy Joodse broers is omdat hulle nie glo nie. In hoofstuk 10 skryf hy dat dit sy hartewens en gebed is dat God hulle sal red. En in hoofstuk 11 spreek hy sy oortuiging uit dat God die Jode beslis nie verstoot het nie.

Wat die inhoud van Romeine 9 betref, merk ’n mens op dat die kollig daar val op die uitverkiesing – wat God gedoen het.. En as Paulus daar sou ophou skryf oor die Jode se ongeloof, sou die ongelowige Jode maklik kon sê dat dit mos nie hulle skuld is dat hulle nie gered is nie. God het hulle dan nie uitverkies nie. Met so ’n opmerking sou hulle hulleself gerieflik kon regverdig oor hoekom hulle nie hulle verantwoordelikheid nakom om die evangelie van Jesus Christus gelowig te omhels nie. Maar die Here ken die sondige redenasies van die mens baie goed. Daarom het die Heilige Gees vir Paulus gelei om ook oor die mens se verantwoordelikheid te skryf in Romeine 10.

Wanneer ’n mens nie die regte insig oor jou verantwoordelikheid het nie, gaan jy jou verlossing op ’n verkeerde manier soek. Dit is wat die Jode gedoen het. Hulle het ’n wet gesoek om God se vryspraak te kry. Die Jode het gereken as hulle die wet 100% gehoorsaam en presies doen wat die Here daarin van hulle verwag, kan dit nie anders nie as dat God hulle moet vryspreek van die straf op die sonde.

Die Jode was dus eiewillig. Hulle wou op grond van hulle eie prestasies die verlossing van hulle sondes by God verdien. En dit kan nie gebeur nie. Geen mens is in staat om die wet van die Here 100% te gehoorsaam nie. Trouens, ons mense het so diep in die sonde geval dat ons nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is. En buitendien is ons beste werk met sonde besmet en nie aanvaarbaar vir God nie.

Hierdie eiewilligheid is egter nie net tot die Jode beperk nie. Vandag is daar steeds mense wat op ’n eiewillige manier die verlossing by God wil kry. Hulle weet dat net God sondes vergewe, en hulle is reg. Maar omdat hulle nie die regte insig het nie, dink hulle as hulle net die regte dinge doen, sal hulle outomaties verlos word. Solank jy jou Bybel lees en kerk toe gaan en ’n mooi lewe lei, sal jy verlos word. Geloof in Jesus Christus speel by hierdie mense geen rol nie en daarom word Christus vir hulle ’n struikelblok. Christus bly vir sulke mense ’n rots waarteen hulle hulle stamp.

Indien hulle op die geloof in Jesus Christus sou bou, sou Hy vir hulle ’n hoeksteen geword het – Iemand aan wie hulle kon vashou en op wie hulle kon reken om regtig verlos te word en die ewige

lewe te ontvang. Teenoor die Jode wat op hulle prestasies gesteun het, was daar heidene wat wel die vryspraak van God gekry het. Hulle het dit gekry, nie omdat hulle daarna gesoek het nie, maar omdat hulle op die geloof in Jesus Christus gebou het. Maar hoe het dit gekom dat hulle op die geloof in Jesus Christus kon bou? Broer, suster en kind, jy wat weet dat Jesus regtig die enigste en volmaakte Verlosser is en met jou hele hart vas vertrou dat Hy jou ook van al jou sondes verlos het, hoe het dit gekom dat jy glo?

In ons kernvers gee die Heilige Gees vir ons die antwoord. Die geloof kom deur die prediking wat ŉ mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus. Dit is immers wat ons ook hier in Sondag 25 bely. Die Heilige Gees werk die geloof in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie.

Wat ons hier in vers 17 lees, is ŉ bondige samevatting van die vyf verskillende stappe wat die Here gebruik om die saligmakende geloof aan mense te gee. Die Heilige Gees lê die evangelie van Jesus Christus vas in mense se harte – mense wat deur die Here gekies is om as predikers op te tree. En deur die Heilige Gees word die predikers gelei om te gaan na waar die Here hulle uitstuur. Paulus is so deur die Here uitgestuur om die evangelie aan die heidene te gaan verkondig. Vandag stuur die Here steeds predikers uit oor die wêreld heen om aan mense die blye boodskap van verlossing deur Jesus Christus te verkondig. Ook na jou en my het die Here bedienaars van die Woord gestuur sodat ons ook kon hoor van Jesus Christus, ons Verlosser.

Dit is nie net met die verkondiging van die evangelie hier in die erediens waarmee die Heilige Gees die geloof in ons harte werk nie. Ook deur die verkondiging van die ouderlinge in huisbesoek en in katkisasie is die Heilige Gees besig om geloof in mense se harte te werk. Daarom is huisbesoek en katkisasie belangrik en nie iets wat ons sommer kan los as ons so voel nie. En kinders, deur middel van hierdie verkondiging sorg die Heilige Gees dat Pa en Ma toegerus word om julle ook aanhoudend van die Here Jesus te leer. Daarom, Pa en Ma, as dit julle hartewens is dat julle kinders saam met julle voor die koninklike troon van ons God sal gaan staan, is dit nodig dat julle hulle moet vertel en leer van Jesus Christus.

In die oorspronklike word gesê dat die Woord van Christus gehoor moet word. Daarmee bedoel die Heilige Gees die Woord wat sy oorsprong by Christus het, maar ook die Woord wat Christus as inhoud het. Sy koms na hierdie wêreld, sy volmaakte gehoorsaamheid aan sy Vader, sy gehoorsaamheid tot in die dood, sy opwekking uit die dood omdat Hy die prys vir ons sondes ten volle betaal het en sy koninklike heerskappy vanuit die hemel aan die regterhand van die Vader – dít is die Woord van Christus wat verkondig moet word. Dit is immers deur hierdie verkondiging wat die Heilige Gees geloof in ons harte werk. In hierdie verkondiging hoor ons dat Jesus Christus deur sy Vader gestuur is as prys vir ons sondes. En met hierdie verkondiging werk die Heilige Gees die vaste vertroue in ons harte dat Jesus ook vir jou en vir my verlos het.

En wanneer die Heilige Gees eers hierdie vasstaande kennis en vaste vertroue in ŉ mens se hart gewerk het, glo ŉ mens, en wanneer jy glo, roep jy die Here aan. Geliefdes, dit is deur hierdie aanroep van die Naam van die Here dat ons die weldade van Christus as ons eie aanneem. Ons omhels Christus dan in geloof. Ons hou aan Hom vas met die arms van geloof en smeek dat God ons ter wille van Christus sal vergewe en die ewige lewe sal skenk omdat Christus in ons plek klaar vir ons sondes betaal het.

Geliefdes, dit is wat dit beteken om op die geloof in Jesus Christus te bou. Deur die werking van die Heilige Gees weet jy dat jy verlore is sonder Christus. En met die geloof wat die Heilige Gees aan jou deur middel van die Woord van Christus geskenk het, hou jy aan Christus vas. Elke mens wat hom en haar leegmaak van hulleself, wat nie op hulle eie prestasies wil staat maak nie, ontvang heerlike beloftes van die Here. Hoor net hierdie beloftes: Niemand wat in Christus glo, sal

teleurgestel word nie. Niemand nie! Geloof in Jesus Christus is dus nie ’n skoot in die donker en die meeste van die tyd wonder jy of dit sal werk nie. Dit sal werk, want die Heilige Gees het die geloof deur God se betroubare Woord aan jou geskenk. Jy sal nie teleurgestel wees op die dag van Christus se wederkoms nie.

En ook die volgende belofte: ’n Mens se herkoms maak nie ’n verskil nie. Jode sal nie beter daaraan toe wees as die Grieke nie. Jou geslag en ouderdom maak ook nie ’n verskil nie. Mans sal nie meer ontvang as vrouens nie. Grootmense sal nie beter behandel word as kinders nie. Jong mense sal nie ’n groter geskenk as ou mense ontvang nie. Dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep ryklik. En wat is hierdie ryke seën waarmee Hy al die gelowiges gaan seën? Hulle sal gered word. Elkeen wat die Naam van die Here gelowig aanroep, sal gered word en die ewige lewe ontvang.

Broers, susters en kinders, geloof is so uiters noodsaaklik om gered te word en die ewige lewe te ontvang dat die Here dit nie aan onsself oorlaat om dit te kry nie. Hy weet immers dat ons nooit die geloof op ons eie sal kry nie. Daarom het Hy gekies dat die Heilige Gees die saligmakende geloof aan ons gee deur middel van die verkondiging van die heilige evangelie. Mag ons daarna streef om elke geleentheid waar die Woord van die Here verkondig word ywerig aan te gryp. Ons weet immers dat die Heilige Gees daar persoonlik met jou en met my aan die werk is om ons geloof in Jesus Christus nog meer te versterk.

Ons hoef nie ver te gaan soek vir ons verlossing nie. Die Woord van Christus is deur die werk van die Heilige Gees naby ons, in ons mond en in ons hart. Met ons hart glo ons dat God sy Seun uit die dood opgewek het omdat Hy die skuld vir ons sondes ten volle betaal het. En met ons mond bely ons dat Jesus die Here is. Deur te bely neem ons deur die geloof die weldade van Christus aan as ons eie. En ons onderwerp onsself aan Hom, want Hy is ons Here, ons Eienaar en Koning.

Geliefdes, die regte insig oor die verlossing is dus die volgende: Ons maak nie staat op ons eie prestasies nie, maar deur die krag van die Heilige Gees maak ons onsself leeg van onsself en Hy maak ons vol met Christus en al sy weldade deur middel van die geloof wat Hy deur die Woord in ons harte werk.

Die Here steek letterlik sy hande na ons mense toe uit sodat hulle gered kan word, en tog is daar nog steeds mense wat nie glo nie. Paulus het dit onder die Jode ook gesien. Al die Jode het nie gehoor gegee aan die goeie boodskap wat verkondig is nie. En dan veronderstel hy dat daar twee redes genoem kan word hoekom hulle nie geglo het nie. Die eerste rede is dat hulle miskien nie gehoor het nie. Dit is onwaar. Die Jode is die eerste volk met wie die Here van die heel begin af in besonder gewerk het, met wie Hy van die vroegste tye af persoonlik gepraat het.

As bewys haal Paulus Psalm 19 aan. En die aangehaalde gedeelte handel oor die stem van die skepping wat dwarsoor die aarde die grootheid van God verkondig. Die Here span die hele skepping in om sy algemene openbaring aan almal bekend te maak. As God sy grootheid en eer so wyd en syd in sy algemene openbaring bekend maak, hoeveel te meer wil Hy nie sy besondere openbaring in Jesus Christus oor die hele aarde laat verkondig nie! En Hy het dit inderdaad gedoen. Oral waar daar Jode in die bekende wêreld van destyds was, het die Here die evangelie van Jesus Christus deur Paulus laat hoor of deur mense wat onder Paulus se prediking tot geloof gekom het.

Die Jode kan dus nie sê dat hulle nie die goeie boodskap gehoor het nie. Ek wil dit selfs waag om te sê dat daar niemand in ons land is wat kan sê dat hulle ook nog nooit van Jesus Christus gehoor het nie. Oral word Jesus verkondig, in tydskrifte, oor die radio of televisie, op die internet. Niemand kan sê dat hy nie gehoor nie.

Die tweede rede hoekom baie Jode nie glo nie, is miskien omdat hulle nie verstaan nie. Maar is die goeie boodskap van verlossing deur Jesus Christus werklik so moeilik om te verstaan? Nee! Die Jode het immers grootgeword waar die Here aanhoudend met hulle gepraat het. Hulle het sy stem al geken. Maar selfs mense wat glad nie naby die Here grootgeword het nie, wat nie gewoond was aan God se stem nie, het die goeie boodskap verstaan en tot geloof gekom. Dus is al twee redes wat aangevoer kon word vir die Jode se ongeloof ook ongeldig.

Die enigste geldige rede vir die Jode se ongeloof is hulle eie hardkoppigheid. En die Here noem hulle ook so. Hulle is weerspannige mense. Daarom kan niemand vandag ook sê dat hy of sy nie verstaan nie. Die Here laat sy boodskap op die eenvoudigste manier verkondig. Maar as die mens nie wil hoor nie, sal hy nie verstaan nie.

Ons dank die Here dat Hy ons gewillig gemaak het om te luister en te verstaan. Ons dank Hom vir die predikers wat Hy na ons stuur om die goeie boodskap van verlossing deur Christus te hoor. Ons dank die Heilige Gees vir die geloof wat Hy deur hierdie verkondiging in ons gewerk het.

Amen!

Slotgebed

Psalm 84:3, 4 (p. 425)

3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte in U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein / waar dorsland smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.

4 Hul sal van krag tot krag steeds gaan / totdat hul voet in Sion staan:
geeneen wat daar nie sal verskyn nie. / Let, HEER der leërskare, let
op my geroep, hoor my gebed, / en laat my nie in druk verkwyn nie.
Leen my 'n toegeneë oor; / o Jakobs God, gee my gehoor!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 7 Augustus 2011